# Openingsrede, promosieplegtigheid van die Fakulteit Teologie (Afd A & B), UP 1988

Prof P Smit, Vise-Rektor Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria

Hierdie plegtigheid (18 November 1988) is die sewentiende promosieplegtigheid vanjaar. Tot dusver is reeds 3 782 grade toegeken en 239 diplomas uitgereik. Tot 10 Desember 1988 vind nog sewe promosieplegtighede plaas en in totaal sal daar in 1988 meer as 4 000 grade toegeken en diplomas uitgereik word.

Vanoggend word in totaal 86 grade toegeken en 16 diplomas uitgereik. Hiervan is 20 grade in die Fakulteit Teologie (Afd A), Nederduitsch Hervormde Kerk en 66 grade en 16 diplomas in die Fakulteit Teologie (Afd B), Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Die jaar 1988 is in vele opsigte 'n historiese jaar vir die Universiteit van Pretoria. Die Universiteit vier sy tagtigste bestaansjaar, die Fakulteit Teologie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sy vyftigste bestaansjaar, terwyl die Fakulteit van die Hervormde Kerk reeds vir 71 jaar met teologiese opleiding besig is. In die Fakulteit van die Hervormde Kerk is vanaf 1922 tot 1987 455 BD-grade toegeken. In die Fakulteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is vanaf 1938 bykans 1 000 grade toegeken.

Namens die Universiteit ons hartlike gelukwense aan die kandidate wat bekroon word. Ook my persoonlike gelukwense. Ons lewer met trots hierdie jongmense aan die kerk en die samelewing af en weet dat hulle akademies goed vir hulle taak voorberei is.

Die ouers en familielede word eweneens gelukgewens. Ons is deeglik bewus van die finansiële en geestelike opofferings wat u moes maak. Ek glo dat u sal saamstem dat u nog nooit 'n beter opoffering, 'n beter belegging gemaak het nie.

Ek wil ook graag ons twee dekane, prof Bart Oberholzer en prof Flip van der Watt, en hulle kollegas gelukwens met hierdie graduandi en gediplomeerdes wat aan die samelewing afgelewer word. Die toewyding waarmee u arbei, word waardeer. Toewyding, hardwerkendheid en akademiese eerlikheid is van die mooiste voorbeelde wat dosente aan hulle studente kan stel. Dit is padkos vir die lewe.

'n Promosieplegtigheid is nie 'n afskeidsgeleentheid nie. Dit is egter nie onvanpas om by 'n geleentheid soos hierdie te meld dat prof Ben Engelbrecht einde van die jaar na 37 jaar diens, waarvan 17 jaar as dekaan, aftree.

Ons is almal dankbaar vir die groterwordende akademiese gees wat op ons kampus posvat. Hiertoe dra beide dosente en studente by. Studente moet hulle binne 'n paar jaar vir 'n gekompliseerde werkswêreld voorberei. Dosente moet deur navorsing nuwe kennis help skep om die ingewikkelde samelewing beter te verstaan. Oorlewing sal tot 'n groot mate afhang van ons vermoë om ons uit probleemsituasies uit te dink, uit te beplan en uit te werk.

Dit is voorwaar 'n inspirasie om laat in die aand oor ons kampus te stap en die ligte te sien brand waar studente besig is om te werk of dosente met navorsingswerk besig is.

Die omvang van die taak vir hierdie jong graduandi is groot en uitdagend. Ek wil u nie met te veel statistiek belas nie. Tog pas dit ons om by 'n geleentheid soos hierdie die volgende in gedagte te hou.

In breër verband het nagenoeg een derde van die bevolking (byna 2 000 miljoen mense) nog nooit van Christus gehoor nie. 'n Verdere derde het slegs baie oppervlakkig gehoor. Slegs een uit drie mense op die aardbol is nomineel Christene.

In Suid-Afrika is die situasie ietwat gunstiger want ongeveer 78% van die bevolking behoort aan een of ander kerk. Van die Blankes behoort 92% aan 'n kerk, terwyl dit 87% by Kleurlinge, 74% by Swartes en slegs 12% by Asiërs is. Dit laat ons met meer as 4 miljoen wat aan geen kerk behoort nie. Natuurlik is aan 'n kerk behoort en gereeld kerk besoek en werklik Christen wees, verskillende begrippe.

Vir elke Blanke kerklidmaat is daar 3,6 kerklidmate van ander bevolkingsgroepe. Anders gestel. Net ongeveer 28% van die 'Christene' van die RSA is Blankes. Die persentasie krimp gedurig omdat die Blanke bevolking 'n zerogroei bereik het, terwyl die ander volksgroepe geweldig vinnig groei. In die lig hiervan is die gevolgtrekking seker nie vergesog dat die Christendom in ons land onlosmaaklik verbonde is aan die posisie van die Swart Christendom nie.

Mag ek die hoop uitspreek dat die Blanke kerke se invloed en werk vinniger sal groei as wat hulle getalle afneem.

Die enkele groot godsdienstige gemeenskap in Suid-Afrika is die aanhangers van die sogenaamde Onafhanklike Swart kerke. Sekere navorsers raam die volgelinge van die Onafhandlike Swart kerke op meer as 7 miljoen. En die toename is geweldig vinnig. Hierdie Onafhanklike Swart kerke bestaan uit 'n versameling van ongeveer 3 500 groepies wat wissel van die reuse Zion Christian Church tot die

kleinste huiskerkie en wat die wye spektrum vanaf ortodoks en fundamentalisties tot totaal sinkretisties omsluit. Hierdie groeiende Onafhanklike kerke se invloed op sosio-maatskaplike gebied en moontlik ook politieke gebied sal waarskynlik steeds groter word.

In die lig van voorafgaande en gesien die snelle sosio-ekonomiese, tegnologie en politieke ontwikkeling staan u vandag by die poort van 'n werkswêreld van ongekende geleenthede maar tegelyk 'n wêreld wat waarskynlik meer kompleks is as ooit in die geskiedenis. En in hierdie wêreld staan die predikant op die voorpunt, in die branding.

U gaan hierdie taak tegemoet met geen ander instrument in u hand as die kerk van alle eeue nie: Die Woord van God. Nie verniet sal u na vanoggend die titel agter u naam skryf nie: VDM - *Verbi Divini Minister*, Bediener van die Woord van God.

Die mens se leefwêreld het verander, sy probleme het verander maar deur die eeue het die behoefte dieselfde gebly om deur die evangelie aangespreek te word. Honger is nie net na brood nie. Dit is ook na liefde. In ons groot stede is daar baie mense wat al die materiële middele het wat begeer kan word maar te midde van die massas ongelief, verstoot en ontsettend eensaam is. Dit sal u taak wees om u wêreld en die mens van u tyd goed te verstaan en die toepaslike Woord op die regte tyd te spreek.

Hiervoor sal u blywend student moet bly. Dit sal die kwaliteit van u bediening wees wat tel eerder as die groot kwantiteit van ampshandelinge wat u verrig.

Ek weet dat u die behoefte sal hê om steeds na die onderskeie Fakulteite terug te keer om u kennis nuut te maak. In dié verband verrig die twee sentra, Sentrum vir Voortgesette Teologiese Toerusting van die Hervormde Kerk en die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, uiters waardevolle werk.

Opleiding aan ons twee teologiese Fakulteite geskied in vennootskap met die kerk en die universiteit. My opregte dank vir die hartlike samewerking en die bydraes wat van die kant van die kerke kom. Opleiding het inderdaad duur geword en die bydrae van staatskant alleen het oor die ses jaar studie minstens R30 000 beloop. Waarskynlik het ouers minstens ook 'n bedrag van R30 000 bestee. Sonder die hulp van beurse van die kerk en veral gemeentes sou baie studente nie hierdie opleiding kon bekostig nie.

Daar word maklik van 'n oorskot of ooraanbod van predikante gepraat. Die realiteite wys dit is so. Ons twee Fakulteite gee ernstige aandag aan moontlike keuring van studente.

Die behoefte aan gespesialiseerde pastorale dienste word egter steeds groter as

gevolg van die eise wat die samelewingsdruk stel. Die Fakulteite gee hieraan besondere aandag en trag om aan die veranderende eise te voldoen. Dit is te hope dat nuwe bedieningspatrone en intensiewer arbeid in die Kerk steeds 'n groeiende behoefte aan wetenskaplike en goed opgeleide teoloë sal skep.

Dit was 'n voorreg om u vir minstens ses jaar op ons kampus te hê. Mag u met groot trots die naam van u alma mater dra. Sluit gerus by die Bond van Oudstudente aan ten einde kontak met die Universiteit te behou.

Nogmaals hartlik geluk. Ons beste wense vergesel u en ons bid u krag en sterkte toe op u pad vorentoe.